

IN DIE HOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(KAAP DIE GOEIE HOOP PROVINSIALE AFDELING)

5 SAAKNOMMER: 7409/2005

DATUM: 18 NOVEMBER 2008

In die saak tussen:

A C S NIEWOUDT

10 en

HARTWIG-GEORG HEYL NO

Applicant

Respondent

UITSPRAAK

15

D POTGIETER, WnR:

Hierdie is 'n aansoek om verlof om te appelleer teen die
uitspraak wat in hierdie aangeleentheid op 23 Julie 2008
20 gelewer was. Die toets wat ter sprake is in 'n aansoek soos
hierdie is geyk, naamlik, of daar redelike vooruitsigte is van
sukses op appell of, soos dit ook gestel word, 'n hof van appèl
tot 'n ander bevinding mag kom ten opsigte van die saak.

Die gronde waarop die applikante om verlot, wie die verweerdees in die hoofsaak was, steun is volledig uiteengesit in die kennisgewing van aansoek om verlot om te appelleer en is ook vandag in argument weereens uitgelig deur mnr De la Rey, wat namens die applikante vandag verskyn het, soos hy gedoen het tydens die verhoor.

Mnr Van der Walt, wie namens die respondent verskyn – die respondent, moet ek byvoeg was die eiser in die hoofsaak en mnr Van der Walt het ook vir hom op daardie stadium opgetree – het geskrewe betoog opgehandig vanoggend en die tersaaklike submissies in daardie verband toegelig. Hy handel onder ander, by die oorweging van die vraag of daar redelike vooruitsigte van sukses op appèl is, met die bekende benadering van 'n hof van appèl tot feitebevindings of afleidings van die verhoorhof, soos uiteengesit in die saak van R v DHLUMAYO AND ANOTHER 1948(2) SA 677 (A), naamlik dat die hof op appèl nie ligtelik sal inmeng waar die verhoorhof die saak beslis het na aanleiding van of op die basis van feitebevindings en afleidings wat deur die verhoorhof gemaak was nie.

Hy maak ook die submissie, soos uiteengesit in die geskrewede betoog, dat daar geen basis is waarop 'n hof op appèl sal immeng met die feitebevindings en afleidings in hierdie saak /

nie. Hy het verwys, onder ander, na die saak van NATIONAL EMPLOYERS' GENERAL INSURANCE COMPANY LIMITED v JAGERS 1984(4) SA 437 (ECD) en ook na die saak waarmee gehandel was in die uitspraak in hierdie aangeleentheid,

5 naamlik STELLENBOSCH FARMERS' WINERY GROUP LIMITED AND ANOTHER v MARTELL-AT-SEA AND OTHERS

2003(1) SA 11 (HHA) asook na twee verdere Hoogste Hof van Appèl sake wat basies die benadering in die STELLENBOSCH FARMERS' WINERY GROUP saak bevestig, naamlik LOURENS

10 OLDWAGE 2006(2) SA 161 (HHA) en DREYER AND ANOTHER NNO v AXZS INDUSTRIES (PTY) LTD 2006(5) SA

548 (HHA). Ook hierdie is 'n geykte benadering tot die beoordeling van feitlike getuienis waar daar dispute ter sprake is.

15

Ek moet byvoeg dat al die aspekte waarmee gehandel word in die gronde uiteengesit in die kennisgewing van aansoek om verlof om te appelleer asook in die argument vandag is mee gehandel in die uitspraak in hierdie aangeleentheid. Na my mening sal dit geen doel dien om dit hier te herhaal nie.

20 Na oorweging van die aansoek asook die argumente wat aangevoer was namens die partye, is ek nie oortuig dat daar 'n redelike vooruitsig is van sukses op appèl nie en bygevolg


4

UITSPRAAK

word die aansoek om verlof om te appelleer VAN DIE HAND

GEWYS MET KOSTE.

5



10

15

20

im

/....